Dinsdag 24 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 4: 14-16 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:16

## Ons kan met vrymoedigheid nader tot God se genadetroon

Wanneer iemand deur 'n tyd van ongehoorsaamheid aan die Here gaan, is dit meestal ondenkbaar vir so 'n mens dat dit moontlik is om terug te keer na 'n lewende, persoonlike verhouding met die Here. Gereeld ná tye waar iemand volhard het in die sonde, of selfs net weg van God af geleef het, kan so 'n mens dink dat dit onmoontlik is om na God toe terug te keer. Verskonings soos "Ek was te ongehoorsaam aan God, Hy sal my nooit terugvat nie", "Ek moet my lewe in orde kry voordat God my weer sal aanvaar" of "Ek is nie goed genoeg vir God om my te aanvaar nie", kom gereeld op. Maar die waarheid is dat ons in onsself nooit goed genoeg sal wees vir die Here nie. Jy kan nie op jou eie skielik reg leef sodat die Here jou aanvaar nie. As dit so was, sou ons nie Jesus nodig gehad het om vir ons sondes te sterf nie.

Nee, vandag se gedeelte moedig ons aan om deur Christus se bemiddeling te nader tot ons Vader. Selfs op ons laagste punte moet ons draai na Jesus toe en glo dat God sy genade aan ons sal skenk deur sy Seun. Hebreërs 4:16 belowe ons dat ons met vrymoedigheid kan nader na God se genadetroon en in die proses losbreek van die sonde wat ons so vashou.

Bid vandag dat die Heilige Gees aan jou die krag sal gee om met oorgawe liewers Jesus vas te gryp as jou enigste hoop in die lewe. Ja, ons voel met goeie rede skaam wanneer ons teen God sondig, maar ons moet nie dat hierdie skaamte of vrees ons weerhou van God se verlossende genade nie. God se liefde en vergiffenis is baie groter en magtiger as jou skaamte of vrees.

*Sing: Skrifberyming 1 (4-1):1, 2*

*Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)*